



# "Ek is 'n student, ek is die toekoms en ek stem Nasionale Party."

"My naam is Paulo Andrade en ek is trots om een van die derduisende jong Suid-Afrikaners te wees wat Nasionaal stem.

Maar ongelukkig is daar nog baie jongmense wat vir 'n spierwit Afrikaner-volkstaat wil stem. Hulle vergeet ons is 5 miljoen wittes en 30 miljoen swartes en nêrens in hierdie land is Afrikaners 'n meerderheid nie. Orals is en bly ons almal ekonomies interafhanklik van mekaar. Suid-Afrika is soos 'n zebra, of jy hom nou in die swart of die wit skiet, die hele zebra vrek.

Verbeel jou 'n volkstaat met swart werkers en swart huishulpe wat jou kos kook en kinders oppas, maar hulle het nie 'n sê nie. Dit het hier misluk en dit sal in 'n volkstaat misluk, want dis nie regverdig nie en niemand sal dit duld nie.

Ek kom van Mosambiek. Toe Frelimo oorgeneem het, het hulle alles gevat, ons kar, ons grond, ons huis, alles. Ons het hiernatoe gevlug met net 'n tas vol klere elk. Nou vra party mense geskok, 'hoe kan jy dan nog vir die nuwe Natte stem?'

Eenvoudig. Die NP onderdruk nie mense nie en gee almal 'n sê, die reg om te stem. Anders as in Mosambiek, onderhandel ons hier en sal die kommuniste polities met ons kruisies wys hoe ons hulle water en ligte op 27 April afsny. In Mosambiek het ons met wapens geveg en kyk wat het gebeur – miljoene het gesterf, die hele land is verwoes en op die ou end moes hulle tog maar met mekaar onderhandel.

Ons jongmense is nie meer bereid om vir ou idees te sterf nie. Suid-Afrika is 'n moderne land en ons sal werk dat dit bars om hom te laat floreer, maar baklei is verby.

En volkstate wat nie ekonomies of polities kan werk nie, is verby. Ons jeug kyk na die toekoms. Ons wil werk, trou, kinders hê, nie vir ewig in uniforms en met 'n geweer in die hand leef en 'n vyand agter elke bos sien nie. Ons wil in vrede ons lewens bou.

'n Volkstaat is onnodig om Afrikaners se kultuur te beskerm. Kyk na die Portugese hier. Ons kultuur word beskerm in ons harte en in ons huise, nie in wette nie. Wie dáárvoor op wette moet staatmaak, het nie veel van 'n kultuur nie.

Ek is Portugees en ek het 'n Afrikaanse universiteit gekies. Ek sien uit na 'n mooi toekoms en ek glo die NP is die sleutel daarvoor.

Staan saam en stem die ANC stil. Stem NP, want net die NP is sterk genoeg om Suid-Afrika uit die kloue van die kommuniste en radikales te hou."

## *WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE*

***Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party***

NP
Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22692